




LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 36
9 November 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers




Kleurvolle Karakter 2018

OMGEE



Daar gaan slegs vir die volgende week **al 6 die karakter sleutelhouertjies te koop wees by mev Linda van Wyk @ R5/sleutelhouertjie**. Onthou dat daar 'n spesiale beloning gaan wees vir die leerders wat **al 6 die sleutelhouertjies deur die jaar versamel het**. Ons gaan binnekort kyk wie hierdie beloning gaan kry, aangesien **die kinders hulle sleutelhouers moet kan toon om te kwalifiseer vir hierdie beloning...**



Ons sluit volgende week Vrydag, 16 November 2018, met ons laaste karakter pilaar, **OMGEE**, af en ons hoop van harte dat u die karakter stukkie geniet het deur die jaar! **Dankie dat u die tyd en moeite afgestaan het gedurende die jaar om ook hierdie program te ondersteun by u huis en u kinders aangemoedig het om die sleutelhouers bymekaar te maak.**

Ons is trots daarop dat ons LVS leerders **Karakter Volksies** is en dat hul kleurvolle, goeie karakter hul kop-bo-water laat uitstaan tussen leerders van ander skole.

Iemand wat **OMGEE** doen die volgende:

1. Is lief vir ander mense om hom/haar.
2. Is lief vir hom/haarself.
3. Sê altyd "asseblief" en "dankie".
4. Help mense en diere in nood.
5. Vergewe ander.

Kom ons bou saam aan 'n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!



SKOOLTYE VIR VOLGENDE WEEK**Maandag, 12 November 2018**

Skool begin om 08:00 en verdaag gewone tyd.

Dinsdag, 13 November 2018

Skool begin om 08:00 en verdaag gewone tyd.

Woensdag, 14 November – Vrydag, 23 November 2018

Skool begin om 08:00 en verdaag om 12:00.

TEKEN ASB OP U KALENDER AAN

Eksamen – Wisk, Graad 4 & 5 – Maandag, 19 November 2018.

RAPPORTE

Rapporte kan op 12 Desember tussen 8 en 9 uur by die klasonderwyser afgehaal word deur die ouers of leerlinge. Indien die ouer dit nie self kan afhaal nie, moet 'n skriftelike toestemmingsbrief na die skool gestuur word wat 'n ander persoon magtig om die rapport te ontvang.

Indien u nie die rapport kan afhaal nie, moet u 'n volledig geadresseerde kovert met 'n seël na die klasonderwyser stuur. Die rapport sal dan na u gepos word. Rapporte wat nie afgehaal word of nie gepos word nie sal tot volgende jaar in die kluis gehou word.


SKOOL SLUIT

Die skool sluit op Vrydag, 23 November 2018 om 11:00 vir die leerlinge aangesien die skool weer as merksentrum gebruik word en die koshuisleerlinge die koshuis moet ontruim.

KLANKSTELSEL

Ons is op soek na 'n geleentheid na Port Elizabeth vir die skool asook die koshuis se klankstelsel. Skakel asseblief die kantoor indien u ons behulpsaam kan wees.

SPORT

TWEEKAMP: SATERDAG, 10 NOVEMBER**GROOT PRETDAG!****PLEK: HOËR VOLKSKOOL****TYD: 09:00 – 12:00****INSKRYWINGSFOOI: R30 p.p****INSKRYWINGS: HOËR VOLKSKOOL VANAF 08:00**

Alle ouderdomme baie welkom. Items vir Laerskool-, Hoërskool en volwassenes. Kom geniet hierdie unieke pretdag as gesin. Daar sal ook heerlike kos o.a. koedoeburgers, sosaties, boereworsrolletjies, “Chip en Dip” en koeldranke te koop aangebied word.

Kontak Corlé by 082 082 2948 vir verdere naurae.

KRIEKET

Laer Volksskool het Maandag, 5 November 2018 teen Niko Brummer te Beaufort-Wes krieket gespeel.

Die uitslae is as volg:

o.11 verloor met 69 lopies

o.13 verloor met 50 lopies.


JOCELYN MARAIS TENNISTOERNOOI

Laer Volksskool het op 2 en 3 November 2018 weer aan die Jocelyn Marais Tennistoernooi deelgeneem wat deur MatchPoint Tennisakademie aangebied is. Die volgende seuns het aan die toernooi deelgeneem: Victor Dercksen, Johandré Groenewald, SP Theron en Stephan Kirsten. Die seuns het in die rondomtalie teen Laerskool Eikestad A (verloor). Laerskool Willem Postma 9 (verloor) en Laerskool Stulting (gewen) gespeel en daarna in die uitspeel rondte teen Laerskool Sunridge gespeel en 10-6 verloor. Die seuns eindig 6de in die toernooi.

Die volgende dogters het aan die toernooi deelgeneem: Carien de Wet, Danita du Plessis, Zanri Groenewald en Jani van der Merwe. Die dogters het in die rondomtalie teen Laerskool Willem Postma (verloor). Hulle het teen Laerskool Stulting (gewen) en teen Laerskool Sunridge (gewen). Ons het daarna in die uitspeelrondte teen Laerskool Stellenbosch gespeel en 9-8 verloor. Die dogters eindig 4de in die toernooi.

DANS

Joané Stroebel en Monique Nell het goud (85%) verwerf tydens 'n Tap Duet by die Dance Festival te Port Elizabeth. Baie geluk julle twee.

ADVERTENSIE

Lovebirds - groot verskeidenheid
kleure.

Kontak 082 923 5404

GEDAGTE VIR DIE WEEK

'n Hart vol liefde is 'n hart vol deernis;
'n hart waarin geen veroordeling is.
Laat liefde en begrip jou kenmerk wees,
want dis ook die kenmerk van God se Gees.

Spreuke 15:17

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803